

Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die **Vriende van Afrikaans**

Jaargang 25: Nommer 3: September 2020

Veels geluk, liewe ATKV!

2020 is 'n jaar wat ons vir altyd sal bybly. Die lewe soos ons dit geken het, het handomkeer verander. Die Covid-19-pandemie het veroorsaak dat die skerp reuk van ontsmettingsmiddels en die anonimiteit wat gesigmaskers verskaf die nuwe normaal geword het. 2020 sal ook onthou word as die jaar waarin die ATKV nege dekades van opbou, uitbou en voortbou van die Afrikaanse taal vier.

Op 19 Augustus vier dié organisasie sy 90ste bestaansjaar en klink die woorde van NP van Wyk Louw al te bekend:

***"Heer, gee ons reg, ons eis met diep ontsag
... dat ons daad in hierdie land moet bly 'n
lig wat wink, 'n vlam wat skroei."***

Amper 'n eeu later is die ATKV sinoniem met die Afrikaanse taal en woeker die organisasie en sy takke om die taal te laat voortleef en ook 'n verskil in Afrikaans te maak.

Uitsonderlike projekte gee vir deelnemers die nodige platforms om hulle vaardighede te verbeter en hul talente te ontgin en te ontwikkel.

Tydens die jubileumjaar in 1980 was die woorde "'n monument van lewende diensbaarheid" deel van die ATKV se leuse. In 'n SAUK-program wat indertyd gehandel het oor die ATKV het die programaanbieder, Nic de Jager, ter afsluiting opgemerk: "Klein was die begin. Gering die krag wat gemonster kon word. Monumentaal die bouwerke wat opgerig is."

Volgens Sonél Brits, besturende direkteur van ATKV-MSW (maatskappy sonder winsoogmerk), is die ATKV 90 jaar terug gestig juis met die doel om die Afrikaanse taal en kultuur te bemark en te steun.

"Die eerste vakansieoord is ses jaar daarna aangekoop en só het die belange en bedrywighede van die ATKV gegroei tot die grootste taal-en-kultuurorganisasie in Suid-Afrika."



Van links na regs: Tommy Truscott, finansiële direkteur: ATKV-groep; Sonél Brits, besturende direkteur: ATKV-MSW; Schalk Cilliers, besturende direkteur: ATKV-Sake.

Weens die streng maatreëls wat die inperking gebring het, moes die ATKV ook aanpas en hulle projekte op 'n vindingryke manier aanbied.

"Sosiale afstand was nog nooit 'n term wat ons sou gebruik om die ATKV se projekte te beskryf nie. Ek dink aan verhoë vol singende Applous-deelnemers, jong akteurs en aktrises wat hul slag op die verhoog wys en werkswinkels en feeste waar ons kon skouers skuur," sê Sonél.

"ATKV-DigiProjekte gee aan Afrikaanssprekendes – jonk en oud, oor landgrense heen – steeds die geleentheid om deel te neem. Covid-19 het weer bewys dat die ATKV het die vermoë om in 'n korter tydperk produkte van gehalte in die mark te posisioneer.

"Vaardigheidsontwikkeling lê ons nog altyd na aan die hart. Met DigiProjekte skep ons geleenthede vir 'n verskeidenheid van mense om te bou aan hul toekoms. Net daar waar hulle nou is. Dit geld ook Afrikaans se tweedetaalsprekers. Dit is die ATKV se visie om die Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar deel te maak van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika."



'n Divisie van die ATKV

Sy sê hulle werk hard om tegnologie en innovasie te omarm sodat mense van oor die wêreld heen met ope arms by die ATKV verwelkom kan word.

Tog bly die kernwaardes die ankers waaraan alles verbind word. Gemeenskappe bly die spil waarom die ATKV se doen en late draai. Mag die volgende 90 jaar gevul wees met sielsverrykende ervarings, vele geleenthede om Afrikaans uit te bou en te bemark en om saam 'n verskil in die wêreld om ons te maak.



Maak 'n verskil met Koop-'n-Afrikaanse-boekdag



Op 14 Augustus het Koop-'n-Afrikaanse-boekdag vir die 16de jaar agtereenvolgens plaas gevind en jy kon boeke op hierdie dag teen 'n winskopie vir jou en jou kinders koop.

"Kinders wat kan lees, vaar beter in die skool en kan later 'n konstruktiewe rol in die samelewing speel," sê Chareldine van der Merwe, projektebestuurder van die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV.

"'n Kind of 'n mens wat lees, verstaan die wêreld beter, weet die wêreld is veel groter as sy leefwêreld, weet ons is nie almal eenders nie en besef ons dink ook nie eenders oor sake nie. Iemand wat lees het 'n geleentheid om ander mense met respek te hanteer."

Die idee om 'n dag af te staan aan die Afrikaanse letterkunde het by Nolte Smit, 'n ATKV-lid, posgevat en sedertdien het lesers, skrywers en uitgewers by dié dag baat gevind.

"Dis in alle opsigte 'n wen-wendag, want lesers, skrywers, uitgewers en boekwinkels word bevoordeel. Lesers kry afslag op boeke waarvoor skrywers tantième verdien. Hoe meer boeke verkoop word, hoe beter vir die totale Afrikaanse boekbedryf, en jy kan deel wees hiervan," sê Chareldine.

Volgens haar kan jou deelname aan die dag kinders help wat nie maklik toegang tot boeke het nie.

"'n Kind in die grondslagfase behoort 40 boeke per jaar te lees. In sommige van ons gemeenskappe lees kinders een of twee boeke per jaar.

Daar kan baie redes voor wees soos dat hulle nog nooit 'n boek besit het nie, dat hulle skoolbiblioteek nie genoeg voorraad het nie of dat daar niemand in hulle omgewing is wat hulle inspireer of motiveer om te lees nie."

Daar is bevind dat net 14% van Suid-Afrikaners aktief lees, terwyl daar in 58% van huishoudings nie 'n enkele boek is nie.

'n Derde van ouers vertel nie vir hul kinders stories nie en nog 50% het nog nooit vir hul kinders 'n boek voorgelees nie.




Verder het PIRLS (Progress and International Reading and Literacy Study) bevind dat byna 80% van graad 4-leerders nie met begrip kan lees nie.

"Dink 'n bietjie: ons kan hierdie statistieke verander en 'n leesrevolusie veroorsaak. Gebruik Koop-'n-

Afrikaanse-boekdag 2020 om iemand se lewe te verryk met 'n boek.

Maak solank 'n lysie van al die boeke wat jy wil gaan koop.

"Ek glo dat 'n huis sonder 'n boek, is soos kos sonder sout – daar kort iets."



DIE VOLGENDE BOEKWINKELS HET DEELGENEEM AAN DIÉ DAG:

Protea Boekhuis Publisher	012 343 6279	Protea UCT	021 650 2485
Protea Distr Centre	021 699 8506	Protea UJ	011 482 3566
Protea Bloemfontein	051 444 1212	Protea Vaal	016 932 1791
Protea Carlton	011 331 5144	proteaboekwinkel.com	012 362 3444
Protea Hatfield	012 362 3444	PNA Strand Square	072 217 2712
Protea Parow	021 911 2411	PNA Somerset Square	072 217 2712
Protea Potchefstroom	018 297 1583	PNA Colours	072 217 2712
Protea Cape Town	021 685 9380	PNA Eikestad Mall	072 217 2712
Protea Soweto	011 933 1330	PNA The Sanctuary	072 217 2712
Protea Stellenbosch	021 882 9100	PNA Whale Coast	072 217 2712
Protea TUT Church Street	012 320 0793	PNA Gordon's Bay Mall	072 217 2712
Protea TUT Pretoria West	012 327 4555	PNA Swellendam	072 217 2712

Deelnemende Protea-boekwinkels het 20%-afslag gegee op alle Afrikaanse boeke (uitgesluit boeke wat reeds afgemerk is) en dit was geldig vanaf 14–21 Augustus. Deelnemende PNA-winkels het 25%-afslag gegee vanaf 14–16 Augustus.

Digitale Ommietafelgesprekreeks

Die Vriende van Afrikaans, 'n divisie van die ATKV, se Ommietafelgesprekke is 'n hoogtepunt op die jaarlikse kalender. Te midde van die Covid-19-pandemie moes hulle planne maak om die geleentheid wel moontlik te maak.

Die VVA, in vennootskap met Afrikaans.com en verskeie rolspelers, gaan maandeliks digitale gesprekke aanbied. In die eerste gesprek gesels Rene Arendse van Afrikaans.com met Chareldine van der Merwe en Mandie Ehlers van die Vriende van Afrikaans (VVA) oor hulle "nuwe" virtuele reis. **Besoek <https://youtu.be/Zk9gqMrt588> vir die onderhoud.**

Tydens die tweede gesprek gesels Rene met Daan Potgieter van die AON.

Die TEMA: Die toekoms van opvoeding...na Kovid-19!



Besoek <https://youtu.be/rTpYnWqJu3I> vir die onderhoud.

DIE VVA LEES WEEKLIKS STORIES VOOR OP RADIO KAAPSE KANSEL

In Kwarantyn-storietyd lees Chareldine Vd Merwe, projekbestuurder van die Vriende van Afrikaans, "Jakkals en Wolf pas Tier se kinders op" oorvertel deur Wendy Maartens (LAPA Uitgewers). Hierdie verhaal is onderhewig aan kopiereg. Die skrywer en die uitgewer het egter albei toestemming verleen dat hierdie video gedeel mag word. Hierdie voorlesing geskied in samewerking met 729 Kaapse Kansel / 729 Cape Pulpit. Skakel gerus om 14:00 op Dinsdae in op Radio Kaapse Kansel vir boekvoorlesings of volg die skakel:

WEEKLIKS STORIES | DINSDAE | 14:00



Voorlees: hoe maak met 'n pasgebore baba?

As projekorganiseerder Taalafdeling by die ATKV is Afrikaans en lees vir my 'n groot passie. Veral voorlees. Daarom was dit vir my so lekker en spesiaal om ook dít wat ek en Chareldine van der Merwe (projekbestuurder: VVA) tydens Voorleeswerkswinkels met ouers en onderwysers deel prakties toe te pas.

Tydens ons Voorleeswerkswinkels vertel ons altyd dat voorlees reeds in die baarmoeder begin, daar waar mamma al vir baba lees wanneer sy swanger is. Ek het gereeld vir my groeiende magie gelees en later was dit nie meer vir pappa snaaks nie, hy het sommer vir ons kleintjie gesing. Ek was so opgewonde om daardie klein lyfie in my arms te hou en ook vir haar te lees, maar genugtig, dit was baie moeiliker as wat ek gedink het.

Op 17 Junie 2020 het ek geboorte gegee aan ons dogtertjie, Leja Ehlers. Die eerste twee weke gaan redelik dol met 'n nuwe baba en ook ons eerste baba. Na daardie twee weke was ek vuur en vlam, vir die dogtertjie gaan ek nou lees. Ek het dadelik na my boekrak geloop en 'n boek uitgehaal. Ek het haar in my arms gesit en ook probeer om die boek vas te hou. Ek het selfs probeer om vir haar die prentjies ook te wys. Maar ek het skaars begin, dan raak sy aan die slaap of is ongemaklik.

Ek was moedeloos. Ék is dan die een wat vir ander mamas en onderwysers vertel hoe om dit te doen, maar ék sukkel. Dit is toe wat ek besef, die fondasie is reeds gelê. Dit gaan nie daaroor om vir hierdie twee weke oue lyfie perfek voor te lees nie, maar om aan te gaan waar ek opgehou het.

Tydens my swangerskap kon sy nie die prentjies sien nie, en nog minder die boek wat ek vashou. Sy kon my stem hoor en my stemtoon. Ek besluit toe dit is presies wat ek gaan doen. Nogsteeds lees, maar fokus op my stem. Dit is toe wat ek haar in haar lêstoeltjie sit, voor haar op die mat gaan sit het en weer begin lees het. Ek het vir haar dieselfde stories gelees wat ek vir haar gelees toe ek swanger was. Sy was dadelik rustig.

Hoe groter sy geword het, hoe meer het my voorleesstyl verander. Baie keer laat ek haar net teen my bene lê en vertel vir haar 'n storie, uit my kop uit. Toe sy op 5 weke begin glimlag, het dit haar baie vermaak verskaf. Veral mamma se verskillende stemtone.

Toe sy begin belangstelling toon in fisiese speelgoedjies op 9 weke het ek badboekies gaan koop. Daar is glad nie 'n storie nie, net mooi duidelike prentjies met bladsye wat geluide maak as jy op hulle druk. Ek wys vir haar die diertjies en soms maak ek sommer 'n storie op. Uiteindelik kan sy op my skoot sit en na die boekie kyk.

Tydens hierdie amper drie maande het ek 'n belangrike les geleer oor voorlees vir 'n pasgebore baba; daar is geen perfekte manier nie. Solank jy lees, is jy alreeds op die regte pad.

– Mandie Ehlers



BRIEWE

Goeienaand Chareldine

Dankie vir die lekker leesstof. Altyd lekker om te sien en te weet dat Afrikaans nog lewe...

Groete/Greetings.

Nunia Joseph

Kurrikulum Adviseur: *Afrikaans InterSen*
Metro Oos Onderwysdistrik

Hello Chareldine,

Baie dankie vir die aanstuur van die nuusbrieff. Dit is altyd so lekker om julle nuusbrieff te lees.

Veilig bly.

Groete,

Euria Hendrickse

Dagsê Chareldine,

Baie geluk met die jongste Doendinge – dit wemel van pitkos.

Sterkte en groete,

Izak Lessing

Weer eens 'n praguitgawe.

Hou so voort.

Prof Michael le Cordeur



Chareldine van der Merwe



Kwarantyn-storietyd

Die VVA lees steeds weekliks verskeie stories voor op die ATKV se Facebook-blad. Moenie vergeet om dit saam met jou woelwater te kyk nie. Die volgende skakels kan gevolg word:

In Kwarantyn-storietyd lees Chareldine van der Merwe, projektebestuurder van die Vriende van Afrikaans, voor uit "Waardes vir Woelwaters", 'n projek van Die Dameskring, geskryf en saamgestel deur Belinda Campher. Hierdie verhaal is onderhewig aan kopiereg. Die skrywer en die uitgewer het albei toestemming verleen dat hierdie video gedeel mag word. Die volgende twee stories handel onder meer oor respek en fluksheid of spanwerk.

WAARDES VIR WOELWATERS 1

WAARDES VIR WOELWATERS 2



Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

- 1. Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
- 2. Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
- 3. Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
- 4. CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
- 5. Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
- 6. Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
- 7. Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

